



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

16/2026

7 Mei 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Die afgelope week was weer 'n besondere tyd in Oosie-land, gevul met prestasies, harde werk en trots.

Baie geluk aan ons Top 10 akademiese presteerders vir die eerste kwartaal. Julle harde werk, deursettingsvermoë en toewyding is 'n inspirasie vir elke Oosie. Die toetsreeks het hierdie week begin en die eksamen is reeds om die draai op 18 Mei. Ons wil ouers aanmoedig om hul kinders in hierdie tyd te ondersteun en saam met hulle te ontdek watter leermetodes die beste vir hul werk. Elke kind leer anders, sommige leer deur opsommings, ander deur luister, sketse, oefenvraestelle of groepwerk. Wanneer leerders die metode ontdek wat die beste by hul pas, bou dit nie net selfvertroue nie, maar help dit hulle om hul volle potensiaal te bereik.

Ons koor het hierdie week hul heel eerste optrede by die Pretoria Eisteddfod gehad en dit het uitstekend gegaan. Ons is ongelooflik trots en opgewonde dat die koor hierdie jaar weer op die been gebring is en sien met groot afwagting uit na die kompetisies wat nog voorlê. Die All Stars werk reeds hard ter voorbereiding van die seisoen wat voorlê.

Ons is besonder trots op Lané Hay, Mia Steenkamp en Skylar Vraagom wat vir Gauteng Skole Netbalspanne gekies is. Slegs ses spelers is uit ons distrik gekies waarvan drie Oosies is. Dankie dat julle Hoërskool Oos-Moot met soveel trots verteenwoordig.

Ons sien ook baie uit na ons Opedag op 13 Mei. Dit is nie net 'n geleentheid vir toekomstige Oosies om ons skool, aktiwiteite en akademie te ontdek nie, maar ook om die unieke Oosie-kultuur en gemeenskap eerstehands te beleef. Ons nooi alle toekomstige Oosies en hul families uit om deel te word van iets besonder.

Twee hoogtepunte op ons sosiale kalender is die Ma en Dogter fliekaand op 8 Mei. Mamma's, oumas, tannies en sussies onthou om julle fliekkaartjies op Die Blou Rak te koop. Kom geniet 'n heerlike aand saam met jou Hoërskool Oos-Moot dogter. Dan lê die Kaskardag en Kuierfees (HARTKLOPFES) op 15 Mei ook nog voor. Die hekke open om 17:30 en van daar af wag 'n aand vol pret, musiek en lekker kuier. Ons sien baie uit daarna om Bianca Blanc en die sanggroep ONS te verwelkom. Daar sal pretritte, heerlike eetgoed, stalletjies en iets vir elke lid van die gesin wees. Ons nooi die hele Moot om saam met ons die hartklop van ons gemeenskap te kom beleef.

Ons Oosie-Engel bly intussen 'n verskil maak in ons gemeenskap. Tydens hul besoek aan 'n babahuis in die Moot het leerders baie geleer oor pleegsorg en die waarde van dankbaarheid. Dankie aan almal wat doeke en babaprojekte geskenk het. Hul het ook 'n projek ter ondersteuning van Leukemia-lyers geloods. Baie dankie aan elke Graad 11-leerder wat koek en kolwyntjies vir hierdie spesiale projek geskenk het. By Hoërskool Oos-Moot glo ons dat ware karakter nie net wys in wat jy bereik nie, maar ook in hoe jy ander mense behandel. Dankie aan elke leerder wat gee sonder om iets terug te verwag, wat help sonder om raakgesien te wil word en wat liefde en hoop saai in ander se lewens. Julle herinner ons daaraan dat klein daade van omgee groot verandering kan bring.

Ons herinner ouers aan die ALGEMENE OUERVERGADERING op 11 Mei, 18:00 vir 18:30, in die skoolsaal.

Dankie aan elke ouer wat saam met ons in hul kind se toekoms belê.

Vriendelike groete

Me S Theron
HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 8 Mei : Ma en dogter fliekaand
- 11 Mei : Algemene ouervergadering
- 13 Mei : Bloedskenkdag
: OPEDAG
- **15 Mei** : **Kaskar + Kuierfees**
- 18 Mei : Eksamen begin
- 25 Mei : Pasteibestellings sluit
- 15 Junie : Skoolvakansiedag
- 16 Junie : Jeugdag
- 19 Junie : Pa-en-seun aand
: Eksamen eindig
- 22 Junie : Winterskool begin
- 22 – 26 Junie: Normale skoolweek
- 26 Junie : Skool sluit

Wintersdrag

'n Addisionele oorgangswaek vir wintersdrag eindig op 8 Mei. Vanaf 11 Mei, moet alle leerders geklee wees in hul formele amptelike wintersdrag volgens die skool se klerereëls. Hul sal streng volgens die gedragskode hanteer word indien hul skooldrag nie volgens die skool se voorkomsreëls is nie.

Belangrike punte om te onthou!

- Leerders dra te alle tye hul skoolkleurbaadjie (blazer).
- Leerders mag NIE NET 'n TRUI dra as wintersdrag NIE.
- Sweetpakbaadjies is sportdrag en word geensins saam met ons skooldrag gedra nie (winter of somer). Dit sal dus volgens die gedragskode gekonfiskeer word en die leerder sal dit eers aan die einde van die skooldag terugkry.
- Kort- of langmouhemp (wat 'n dasknoppie het) MET 'n DAS word in die winter gedra.
- Dogters dra lang, donkerblou sykouse saam met hul rompe/langbroeke en mag nie kort sokkies of *bobby socks* onder of bo-oor hul sykouse dra nie.

Opwindende nuus – Oosies se eie eenstop-aanlyn winkel – **die Blou rak!**

Ons stel met groot opgewondenheid *die Blou rak* bekend – Oos-Moot se splinternuwe eenstop-aanlyn winkel!

Hier kan almal nou maklik en vinnig alles koop, van funksiekaartjies tot ondersteunersdrag.

Ons skop af met die volgende geleenthede se kaartjies.

- Ma & Dogter Popcorn en Fliekaand (8 Mei)
- Hartklopfees (15 Mei)
- Netbalkouse kan ook op hierdie platform aangekoop word.

Volg die [skakel](#) na die winkel platform.

Hou ons kommunikasiekanale dop. Soos *die Blou rak* verder gevul word, sal ons julle op hoogte hou van nuwe produkte. Nou is dit maklik, vinnig en alles aanlyn!

Produkte wat aangekoop word, word by die Oosie-Winkel afgehaal met u bewys van betaling.

Algemene ouervergadering – 11 Mei 2026

Kennis geskied hiermee van die ouervergadering vir 2026

Datum : **11 Mei 2026**
 Tyd : **18:00 vir 18:30**
 Plek : **Skoolsaal**

Indien **geen kworum bereik word nie**, sal die tweede vergadering op **12 Mei 2026, om 18:30 in die skoolsaal** plaasvind. Volgens wet hoef daar nie tydens die tweede vergadering 'n kworum te wees nie.

AKADEMIE

Akademie TOP 10 – Kwartaal 1

Graad 12		
		%
1	Tindall van der Merwe	97.58
2	Keagan Wilters	95.79
3	Ryan Liebenberg	95.01
4	Anke Styger	94.29
5	Kal-El Brunsdon	93.28
6	Tiaan Stolp	91.33
7	Yolande van Deventer	90.91
8	Chrisjan van Staden	89.93
9	Steven Acker	88.67
10	Nikita van Dyk	88.4

Graad 11		
1	Juandre Erasmus	96.95
2	Mia Steenkamp	90.78
3	Heinrich Kok	90.73
4	Reuben van Blerk	89.07
5	Jessica Westfall	88.89
6	Liani Harding	85.65
7	Jayden Kruger	84.79
8	Katarina Mans	84.28
9	Chris de Jager	83.87
10	Leane Theron	83.81

Graad 10		
1	JD Bronkhorst	92.56
2	Christal du Plooy	92.36
3	Sandra-Kate van der Merwe	90.16
4	Amelia Botha	88.79
5	Jewan Gouws	85.39
6	Amy Galetti	85.21
7	Francois Wiid	85.12
8	Kaileen van der Merwe	83.72
9	Inge Ferreira	83.58
10	Charné Raubenheimer	83.42

Graad 9		
		%
1	Rika van der Walt	91.99
2	Juané Venter	89.13
3	Anzel Ehlers	88.72
4	Lana du Plessis	88.35
5	Noa van der Merwe	87.37
6	Rodrick Oosthuizen	86.9
7	Elzette Heller	86.72
8	Kelci Lindsay	86.56
9	Marli Pretorius	85.97
10	Winson Kruger	84.08

Graad 8.9		
1	Zené Jones	92.81
2	Sonlia van Jaarsveldt	92.3
3	Willem van der Merwe	91.21
4	Leandri Joubert April	90.4
5	Cleadon van Rooyen	89.2
6	Milieke Ferreira	89.06
7	Amoré Louw	88.93
8	Zuané Barkhuizen	88.9
9	Josua Kruger	88.2
10	Sophia Pretoria	87.06

Graad 12 Ekstra uur

Die ekstra, verpligte skooluur vir ons graad 12-leerders is hieronder uiteengesit.

Gedurende hierdie tydperk sal daar geen ander buitemuurse aktiwiteite vir die matrikulante wees voordat die ekstra skooluur om 15:00 afgehandel is nie.

Datum	Sleutel	Tyd
11 Mei	K3	14:10 – 15:00
12 Mei	K2	14:10 – 15:00
14 Mei	K1	14:10 – 15:00

Graad 12 Winterskool

Die graad 12-leerders se Winterskool word hierdie jaar aangebied vanaf 22 Junie tot 11 Julie.

Registrasie

Leerders moet asseblief [hier](#) registreer.

SPORT

Bepalings, oefentype, programme en uitslae

Hierdie inligting word, soos ontvang, op die skool se kommunikasiekanale en webwerf (by die onderskeie sportsoorte geplaas).

Parkering vir persone met gestremdhede

Indien daar ouers is wat toeganklike parkering (vir persone met gestremdhede) benodig tydens ons sportaktiwiteite, word u vriendelik versoek om vooraf met ons sporthoof, mnr. B. Pretorius, kontak te maak by sport@oos-moot.co.za.

HOKKIE

WhatsApp-groepe

Ons nooi graag die leerders wat wil hokkie speel en hulle ouers uit om by die Whatsapp Groepe in te skakel.

Belangrike inligting rakende die oefeninge, proewe, wedstryde en die toere word daarop uitgestuur.

- [Meisies](#)
- [Seuns](#)
- [Ouers - seuns](#)
- [Ouers - meisies](#)
- [Doelwagters](#)

Wedstryd en busreëlings

9 Mei na Cornwall Hill College (Dogters)

- Die busse vertrek 06:30 en behoort 13:30 terug by die skool te wees.
- Spelers ry in hulle wedstryddrag en hulle moet die korrekte Oosie sweetpak dra. Geen ander baadjies/truie word toegelaat nie.
- Geen plakkies/'croc's' word saam met hokkiekouse gedra nie

12 Mei na DSG (Dogters)

- Die o.14A-span vertrek die laaste periode.
- Die res van die spanne vertrek 14:00.
- Die busse behoort 19:30 terug te wees by die skool.
- Spelers ry in hulle wedstryddrag en hulle moet die korrekte Oosie sweetpak dra. Geen ander baadjies/truie word toegelaat nie.
- Geen plakkies/'croc's' word saam met hokkiekouse gedra nie.

Bepalings

14 Mei	:	AHS (seuns – tuis)
15 Mei	:	Centurion (seuns – weg)
16 Mei	:	Rustenburg (dogters – tuis)
20 Mei	:	Menlopark (seuns A-spanne - tuis)
22 Mei	:	Rustenburg (seuns – tuis)(sal bevestig word). Kyk na alternatiewe datum weens die eksamen.
23 Mei	:	Curro Hazeldean (dogters – weg)
27 Mei	:	Montana (seuns alle spanne – weg)
28 Mei	:	Sutherland (seuns A-spanne – weg)
29 Mei	:	Sutherland (dogters – tuis)

KRIEKET (DOGTERS)

Oefentype

Dae	Tye	Sessie
Maandae	15:00 – 16:30	Oefening
Dinsdae	14:00 – 16:00	Veldwerk
Donderdae	14:00 – 16:30	Oefening

RUGBY

Wedstryd

Datum	:	9 Mei
Plek	:	H/S Kemptonpark
Program		

Busvervoer vir spelers

Die rugbyspelers vertrek om 06:00, per bus, vanaf die skool.

SAGTEBAL**Proewe**

Die sagtebalproewe vir alle belangstellende leerders vind soos volg plaas.

Datum	Ouderdom	Tyd
26 tot 29 Mei	o.14	15:00 tot 17:30
30 Mei	o.14 tot 0.19	14:00

Plek : Sportterrein (Hertzogstraat)
 Registrasie : [Registreeer NOU](#). Registrasies sluit een week voor die proewe.

Toere

Die toere vir die onderskeie spanne is verpligtend en 'n belangrike deel van die spanne se ontwikkeling en voorbereiding vir die komende seisoen.

A-spanne		
Datum	Plek	Koste
16 – 19 Julie	Zwartkloof Adventures	R3200 pp
B-spanne		
26 – 28 Junie	Sediba Kwele	R3000 pp

Skrywes met volledige inligting ten opsigte van die toere en betalingsopsies is reeds aan leerders uitgegee.

Navrae kan gerig word aan t.ferreira@oos-moot.co.za.

KULTUUR**ALL STARS****Optredes**

Datum	Optrede	Plek
31 Julie	Kaleidoskoop gradering	Pretoria Staatsteater
12 Aug.	Kaleidoskoop rondte 1	
31 Aug.	Kaleidoskoop finaal	
11 Sept.	SA Revuekampioenskap	Moreleta Kerk
12 Sept.	SA Revuekampioenskap finaal	

Nota: 17 tot 21 Augustus is daar drie optredes. Verdere inligting sal nader aan die tyd gekommunikeer word.

RASIELEIERS**Oefentye**

Dae : Dinsdae, Woensdae en Donderdae

Tyd : 14:30 tot 16:00.

Die seisoen eindig November.

Kompetisies

Datum	Kompetisie
9 Mei	GMCA
16 Mei	GMCA
30 Mei	MOVE
6 Junie	MOVE
7/8 Augustus	IFAA (proewe en semi's)

Ander moontlike kompetisies mag volg, maar is nog nie finaal nie.

SOSIAAL**HARTKLOPFEEES 2026**

Maak reg vir een van die GROOTSTE dae op die Oosie-kalender!

Datum : 15 Mei

[Kaartjies](#)

Ons Hartklopfes bestaan uit twee opwindende dele – die **Kaskar** en die **Kuierfees**!

Kaskar (Skoolure)

- Leerders ontvang op 20 April hul borgvorms.
- Moet asseblief nie die vorms misplaas nie en bring daardie borgskappe in!
- Kaskar duur tot 15:00 waarna die skool verdaag.

Kuierfees (vanaf 17:30)

- Vanaf 17:30 verander die skool in 'n feesparadys met pretritte, stalletjies en hope vermaak.
- Bring jou vriende en familie, pak 'n kampstoel en 'n lekker kuierboks – en kom geniet 'n aand vol lag, musiek en Oosie-trots!
- Kaartjieverkope open binnekort – hou ons sosiale media en nuusbriewe dop sodat jy niks mis nie!

MA EN DOGTER FLIEK EN POPCORN

Ma's, ouma's, tannies en sussies, kry nou jou kaartjies vir 'n hele fliekaand saam met jou Oosie-dogter!

Datum : 8 Mei
 Tyd : 18:00
 Plek : Skoolsaal
[Kaartjies](#) : R150 (2 persone – sluit fliek en popcorn in)
 R50 (vir ekstra persoon – sluit fliek en popcorn in)

Stalletjies met koffie, *slushies*, Moedersdaggeskenke en lekkernye is ook beskikbaar.

BUITEPRESTASIES**SPORT**

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband).

Klik op die skakel hieronder.



PROJEKTE

Boubakstene benodig



Baie, baie dankie vir die skenkings wat reeds ontvang is. Die projek waar die stene huidiglik gebruik word (area tussen die personeel-kamer en klaskamers) is in proses.

Ons benodig egter dringend nog stene om die res van hierdie en ander projekte te finaliseer

Ouers wat oor oorskot **HALWE OF HEEL** boubakstene beskik of stene het wat net in die erf rondstaan, word vriendelik versoek om dit, indien moontlik, aan die skool te skenk.

Reëlings vir die oplaai van die stene kan getref word deur ons Gebou- en Terreinkantoor te kontak by (012) 332 0601 of per e-pos by geboue@oos-moot.co.za.

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Let asseblief op die **bestellingsdatums**.
- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Besteldatums

4 – 12 Mei

Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

“STICK DRIVE” - Hokkie

“Stick Drive”
Het jy ou hokkietoerusting wat by die huis lê?

Skenk asseblief jou ou hokkiestok en toerusting en gee 'n Oosie of Oosie-Junior 'n kans om die sport te geniet.

Hokkie “turf” skoene, en “shinpads” en doelwagtertoerusting, asook ou wedstrydsklere wat in 'n bruikbare toestand is, word altyd verwelkom.

Waar kan dit ingehandig word?
Me. L Steyn se klas (K 102) of by die astro.
hokkie@oos-moot.co.za
Baie dankie!

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.

NATIONWIDE
PLUMBING & ELECTRICAL

- ALL PLUMBING
- ALL ELECTRICAL
- RENOVATIONS
- GEYSER INSTALLATIONS
- FAULT FINDING
- AND MUCH MORE

064 532 1842 / 24/7

ATTENTION! IMPORTANT

Oosie-parents give code 201 and the school qualifies for an amount.

HOËRSKOOLOOS-MOOT



PEDAG
13 Mei '26

T Y D: 14:15

1 skool hart blou

#trotseosie #laatdieblougolfrol #eenskoolenharteenblou

2 JUNIE
— 2026 —

AKASIA GHOLFBAAN

OOSIE BL GHOLFDAG



4 BAL R5 000

Ingesluit: Gholfkar, Halfweg Ete,
Pryse Te Wen, Prysudeling met Ete & Veiling

PUTTIE BORGE
— R6 000 —

Bring eie bemarkings
materiaal



BESPREKINGS EN NAVRAE:

MATT TALJAARD
084 677 1025



SKANDEER
om in te Skryf



SKANDEER
vir Putjie Borg

Dankie aan die volgende Oosie Gholfdag
borge wat reeds putties geborg en betaal het.



Top Roof
Waterproofing

CINDY-ANN LE ROUX
HR / Creditors

Address:
800 34th Avenue,
Villiers, Pretoria

012 332 1818
083 226 2307
cindy.ann@blitspta.co.za

www.diydepot.co.za

DIY DEPOT
BUILDING HARDWARE PARTS
BLITS

Ondersteun
jou gemeenskap.

Vra spesifiek by
Blits kassiere
jy wil jou aankope onder
Hoërskool
Oos-Moot
Kontantdonasierekening
doen.

Blits gee 10% korting terug aan
Hoërskool Oos-Moot.

Blits 800 34th Avenue, Villiers
Tel: 083 226 2307
www.blitspta.co.za

DIY DEPOT **BLITS**
012 332 1818